


waterwys

Spaar so water in en om die huis

1. **Moenie die kraan ophou terwyl jy tande borsel nie**, so kan tot ses liter water per minuut bespaar word.
2. **Vergeet van 'n lang bad of stort** - ses tot 45 liter water per minuut kan so bespaar word.
3. **Kook net soveel water in die ketel as wat jy op 'n keer nodig het.**
4. **Moenie jou wasmasjien of skottelgoedwasser gebruik as dit nie 'n volle lading het nie.**
5. **Herstel druppende krane.** 'n Druppende kraan kan 15 liter water per dag, of sowat 5 500 liter water per jaar vermors.
6. **Plaas 'n "waterverplasingstoestel" in jou toiletbak** - selfs 'n baksteen of 'n plastiekbottel met water gevul kan heelwat water spaar.
7. **Gebruik 'n gieter plaas van 'n tuinslang om jou tuin nat te lei.** Lei jou tuin vroegoggend of laatmiddag nat om verdamping te verminder en so meer water te bespaar. Terloops, 'n tuinslang kan tot soveel as 1 000 liter water per uur gebruik.
8. **Lei net jou tuin nat wanneer dit nodig is.** Wenk: loop op die grasperk, as die spriete terugbons, is dit nie nodig om water te gee nie.
9. **Hou 'n beker water in jou koelkas.** So het jy altyd koue water byderhand sonder om die kraan te laat loop tot koeler water uitkom.
10. **Gebruik 'n emmer plaas van 'n tuinslang wanneer jy jou voertuig was** en gebruik die tuinslang kortliks wanneer jy die seepwater afspoel.
11. **Trek die besem plaas van die tuinslang nader om inritte en sypaadjies skoon te hou.**
12. **Vang die water op wat loop terwyl jy wag dat die warm water deurkom.** Gebruik hierdie water om plante of jou tuin mee nat te lei.
13. **Gebruik emmers of houers en vang die reënwater op wat by jou geute afloop**, dié water kan ook vir jou tuin gebruik word.
14. **Gebruik 'n deklaag of boombas in blombeddings** - dit help om onkruid af te weer en verdamping te keer.
15. **Hou jou oë en ore oop. Meld gebreke waterpype en vermorsing van water** by jou naaste plaaslike owerheid/munisipaliteit aan.
16. **Vang soveel moontlik gryswater op vir ander gebruike:**



BRONNE:

- www.runningdry.org
- www.irishexaminer.com
- www.treehugger.com
- www.edenproject.com

Kapenaars se kwota water per persoon/per dag:

#WaterCrisis:
How to use 50 litres per day

Use	Amount	Litres
Shower (2mins)	1	20
Wash (hands & face)	2	4
Flush toilet	1	9
Dishes (sink)	1	9
Brush teeth	2	0.3
Cook meals	2	1.8
Drink water (glasses)	8	2
Water (pets)	1	2
Total		49.5

- Calculated on the needs of one adult with a medium sized pet
- Calculated using the City of Cape Town's Water Use Calculator: <http://mycapetownneeds.co.za/thinkwater/calculator.html>

